


20 Padveiligheid: die voetganger

Aktiwiteit

Kyk na die volgende padtekens:



- 1 Wat beteken bostaande padtekens?
- 2 Op watter plekke is dit veilig om die straat oor te steek?

Leerinhoud

Goeie padmaniere

Padtekens word gewoonlik op borde langs die pad of op die pad se ryvlak aangebring. Dit is vir motoriste, fietse en voetgangers noodsaaklik om die tekens te ken en te gehoorsaam. Padtekens is daar vir ons eie veiligheid. Deur die padtekens te ken en reg te gebruik, kan die mees veilige roete na en van die skool gevolg word. Die risiko van 'n ongeluk word so aansienlik verlaag.

Goeie padmaniere is belangrik. Baie ongelukke word veroorsaak deur voetgangers wat nie padreëls gehoorsaam nie of bloot net agterlosig is. Moet nooit in of naby 'n pad speletjies (veral balspeletjies) speel nie. Dit is byvoorbeeld baie gevaarlik om 'n maat in die pad te stamp, aangesien so 'n maat maklik voor 'n aankomende motor kan beland. Bestuurders van voertuie se aandag moet nooit deur voetgangers afgetrek word

nie. Deur hulle konsentrasie te verbreek, kan jy maklik die oorsaak van 'n ongeluk wees.

Gebruik van sypaadjie

Sypaadjies is daar vir die voetgangers se gerief en veiligheid. 'n Voetganger moet steeds veiligheidsbewus optree al is hy of sy op 'n sypaadjie. Dit is gevaarlik om te naby aan die rand van die pad op 'n sypaadjie te loop. Net so gevaarlik is dit om op die randsteen te sit, met jou voete in die straat. Onthou, 'n ongeluk gebeur in 'n oogwink.



Dit is gevaarlik om in die straat te speel

Waar daar nie 'n sypaadjie is nie, moet jy aan die regterkant van die pad loop sodat jy aankomende voertuie kan sien. Wees veral versigtig soggens vroeg met sonopkoms of laat middag as die son sak. Onthou dat die son nie net jou nie, maar ook 'n motoris se sig kan belemmer. As voetganger moet jy seker maak dat jy mooi sigbaar vir 'n motoris is. Saans is dit byvoorbeeld raadsaam om wit of helderkleurige klere aan te trek as jy in strate stap of draf. Op so wyse kan jy verseker dat motoriste jou as voetganger raaksien.

Oorsteek van strate

Die punt waar die meeste ongelukke voorkom, is by die oorsteek van strate. Dis baie maklik om jou met die spoed van 'n aankomende voertuig te misgis en so tot 'n ongeluk aanleiding te gee. Om ongelukke te vermy, moet die volgende gedoen word: Kyk altyd eers regs, dan links en dan weer regs in die pad af om seker te maak dat dit veilig is om oor te stap. Moenie oorstep voor die pad skoon is of die voertuie gestop het nie.



Strate moet op veilige punte oorgesteek word

Wees altyd versigtig waar jy 'n straat oorsteek. Verkieslik moet 'n straat by 'n voetoorgang, skolierpatrolie, verkeersligte of stopstraat oorgesteek word. Maak seker dat jy die verkeer van alle rigtings kan sien aankom. Stap flink en reguit oor die pad sonder om oor te hardloop. Moet nooit tot in die middel van die straat stop en dan eers

vir voertuie wag om verby te gaan nie. Dit kan baie maklik gebeur dat 'n motoris jou nie raaksien en jy so voor 'n motor beland.

Algemene veiligheidswenke

Wees baie versigtig as jy by 'n stilstaande voertuig die pad wil oorsteek. Loop stadig totdat jy weerskante van die straat mooi kan sien. Onthou, motoriste kan jou nie agter 'n motor raaksien nie. Dit geld byvoorbeeld as jou ouers op 'n plek stop en jy gou die straat moet oorsteek om iets by 'n winkel te gaan koop.



Padpatrollie verseker die veiligheid van skoliere

Wanneer jy uit 'n motor klim wat langs die pad geparkeer is, moet jy verkieslik aan die sygaardjie se kant van die motor uitklim. Die straatkant van die motor is gevaarlik aangesien aankomende verkeer jou maklik kan beseer.

Vrae

- 1 Hoe moet 'n voetganger optree as daar nie 'n sygaardjie is waarop hy kan loop nie?
- 2 Watter padreëls geld as 'n straat oorgesteek word?